## LES 9: YAHWEH SE FEES DAE (MO'EDIM EN CHAGIM) EN SABBATTE - SHAVUOT TOT SUKKOT

### 9.1 Shavuot (Pinkster) - Die fees van Eerstelinge

Yahweh se Heilige dae openbaar dat Yahshua die Messias is. Volgelinge van Yahshua wat die Heilige dae waarneem verstaan dat die Messias in elk van die Heilige dae onthul word. Die derde Heilige dag in Yahweh se Meester plan is Shavuot (Pinkster), ook genoem die Fees van Weke of Fees van Eerstelinge.

**Yahweh se instruksies**

*Lev 23:15 Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring sewe volle weke moet dit wees;*
*Lev 23:16 tot die dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan Yahweh bring.*
*Lev 23:17 Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring; dit moet van twee tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuurd moet dit gebak word as eerstelinge aan Yahweh.*

*Lev 23:21 En julle moet op daardie selfde dag uitroep: 'n heilige vierdag moet dit vir julle wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Dit is 'n ewige insetting in al julle woonplekke vir julle geslagte.*

Eerstens moet daar duidelikheid verkry word van die uiters belangrike tydsberekening van hierdie Heilige Dag. Dit is die enigste Heilige Dag wat nie 'n spesifieke datum op die Hebreeuse kalender gegee word nie. Ons word aangesê om 50 dae te tel met die beginpunt vanaf die dag na die weeklikse Sabbat gedurende Ongesuurde Brode. Die dag van hierdie offergawe was bekend as die dag van Eerstelinge.

Die seremonie het Yahshua volkome uitgebeeld. Dit is hoekom Yahshua (op die eerste dag van die week na Sy opstanding) vir Maria Magdalena gesê het om Hom nie aan te raak nie, omdat Hy nog nie na die Vader in die Hemel opgevaar het vir aanvaarding as die Eersteling nie. Joodse Rabbi's van die laat eerste, vroeë tweede eeu het die korrelasie ook duidelik gesien, maar wou nie erkenning gee daarvan nie, daarom het hulle die Jode van die waarheid weggewys deur die aftelling na Shavuot te verander (as die messias werklik gekom het, was hulle posisies as leiers nie meer nodig nie). In plaas daarvan dat die telling vanaf die dag na die weeklikse Sabbat gedoen word, begin hulle die aftelling direk na die eerste Heilige Dag vanwaar Ongesuurde Brode begin.

Volgens *Levitikus 23* is dit duidelik dat die Shavuot aftelling op die eerste dag van die week (Sondag) begin want sewe volledige Sabbatte later moet die Heilige dag val op die dag NA die sewende Sabbat. Dit kan net die eerste dag van die week wees, met ander woorde, 'n Sondag.

#### 9.1.2 'n Offer aan Yahweh voor die lente oes

*Lev 23:9 En Yahweh het met Moses gespreek en gesê:*
*Lev 23:10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.*
*Lev 23:11 En hy moet die gerf voor die aangesig van Yahweh beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg.*

*Lev 23:14 En julle mag geen brood of gebraaide koring of vars graan eet tot daardie selfde dag toe nie, tot dat julle die offer van julle Elohim bring. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.*

Yahweh het Sy feeste ingestel in samewerking met die twee jaarlikse oeste in die land van Israel. Yahweh gebruik hierdie oeste simbolies vir die twee geestelike "oeste" van Sy Meester plan. Yahweh se voorneme met die lente feeste is om jaarliks aan Sy gemeente te illustreer dat Sy Geesverwekte kinders, die "eerstelinge" van verlossing (*Jak 1:18*), die relatief klein begin van Sy geestelike oes van die mensdom tot toetrede Die Heilige Familie YHWH is.

Die lente oes het op die oggend van die eerste dag van die week tydens die Fees van Ongesuurde Brode begin. Die meel word die vorige aand van die nuut gesnyde graangerwe gemaal en aan die priester geneem wat dit deur die lug beweeg het vir aanvaarding deur Yahweh. Dit was bekend as die "*graangerf offer*" en verteenwoordig die eerste van die eerstelinge oes.

Sodra die graangerf geoffer was kon die oes begin. Die lente oes het uitgeloop op die tyd van die Fees van Eerstelinge wat plaasgevind het op die eerste dag van die week (Sondag), die 50ste dag van die oes seisoen wat begin het met die graangerf offer. (Die Nuwe Testament naam vir hierdie fees, Pentekost, beteken letterlik vyftigste [dag].) Mense het op hierdie jaarlikse Sabbat bymekaargekom om Yahweh te bedank vir die eerste opbrengs van die jaar se oeste wat Hy aan hulle gegee het.

**9.1.3 Die verband tussen die graangerf en Yahshua die Messias**

Yahshua was die eerste wie uit die dood verwek was in die Yahweh familie. Hy is die eerste van die eerstelinge van Yahweh se geestelike oes.

*1 Kor 15:20 Maar nou, Messias is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.*

*Kol 1:18 En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.*

Geesgebore gelowiges is duidelik die eerstelinge van Yahweh se groot Meester Plan.

*Jak 1:18 Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees.*

*Rom 8:23 En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.*

**9.1.4 Yahshua het nie direk na die opstanding na Sy Vader in die Hemel opgevaar nie.**

*Joh 20:17 Yahshua sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na My Vader nie; maar gaan na My broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na My Vader en julle Vader, en My Elohim en julle Elohim.*

Dit was die eerste dag van die week (Sondag) gedurende die Fees van Ongesuurde Brode. Die einste oggend wat die graangerf aan Yahweh geoffer geword het, was Yahshua die Messias deur Sy Vader aanvaar as die geestelike "graangerf" offer in die hemel!

Verstaan jy werklik wat Yahshua bedoel het toe Hy in *Johannes 20:17* gesê het dat Hy na Sy Vader en **ONS** Vader gaan? Shavuot is so 'n wonderlike Heilige Dag want dit bewys dat Yahshua die eerste van die eerstelinge is, maar ook dat ons as eerstelinge saam met Hom sal regeer.

Dit is die geheim van die evangelie. Dat ons as konings, priesters, mede leiers en eerstelinge saam met Yahshua die Messias sal heers in sy perfekte regering. HalleluYah!

*Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van Elohim is;*
*Rom 8:17 en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van Elohim en mede erfgename van Messias, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.*

*1 Joh 3:1 Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van Elohim genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.*
*1 Joh 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van Elohim, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.*

Yahshua Messias vervul dus die simboliek van die Ou Testamentiese graangerf offergawe. Yahshua, Seun van Yahweh, was die eerste in die Yahweh familie wat uit die dood opgewek was - Hy was die eerste geoes in Yahweh se Meester plan. Hy is die eersteling seun van Yahweh - die eerste mens om die proses van redding te voltooi en is "wedergebore".

Maar Yahshua kon nie die kaptein van ons verlossing en ons ouer broer word sonder dat Hy in besit was van 'n allerbelangrike bestanddeel van Yahweh - iets wat ons almal moet hê as ons soos Hy, wedergebore wil wees. Yahshua kon nie die geestelike werke, insluitend gehoorsaamheid aan Yahweh, met menslike krag verrig nie.

*Joh 5:30 Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.*

**9.1.5 Waar het Hy die nodige krag vandaan gekry?**

*Joh 14:10 Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.*

Die Vader het in Yahshua "gewoon" deur middel van die Ruag ha Kodesh (Die Heilige Gees). Sonder die Ruag ha Kodesh kon Hy nie die werk doen nie. Sodoende het die Messias dieselfde geestelike hulp aan Sy dissipels belowe.

*Joh 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:*

**9.1.6 Op watter dag het die dissipels Yahweh se Heilige Gees ontvang?**

*Hand 2:1 En toe die dag van die pinksterfees (Shavuot) aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.*
*Hand 2:2 En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.*
*Hand 2:3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.*
*Hand 2:4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.*

Op die dag van Shavuot (Pinkster) was Ruag ha Kodesh aan sy dissipels gegee, net soos Yahshua belowe het. Dit was op hierdie dag dat Yahweh Sy Heilige Gees gestuur het om Sy gemeentelede te verwek en versterk as eerstelinge. Die Nuwe Testamentiese fees van Shavuot herdenk die stigting van die Nuwe Testament gemeente van Yahweh deur die ontvangs van die Heilige Gees. Shavuot, 30 AD, was die begin van Yahweh se geestelike oes van eerstelinge ter voorbereiding om in Yahweh se Heilige Familie ingeoes te word. Tradisioneel is dit ook van mening dat die Torah op die dag van Shavuot aan moses en die Israeliete gegee was.

### 9.2 Yom Teruah – Yom Kippur – Sukkot

In Yahweh se plan is die getal sewe 'n aanduiding van voltooiing en volmaaktheid. Die sewende maand van Yahweh se kalender bevat die laaste vier feeste en simboliseer die voltooiing van Yahweh se Meester Plan vir die mensdom. Die fees wat op die eerste dag van hierdie maand plaasvind versinnebeeld die begin van die finale gebeure in Yahweh se plan.

Die Fees van Trompette, Yom Teruah, is 'n uitbeelding van 'n deurslaggewende gebeurtenis in Yahweh se plan van verlossing. Dit is 'n voorstelling van die Messias se wederkoms wanneer Hy die eerstelinge verwek en verander asook 'n verskriklike tyd van wêreld oorloë net voor die ingryping van Messias om die mensdom van totale uitwissing te red en daarna die koninkryk van Yahweh op aarde te vestig.

#### 9.2.1 Was hierdie fees 'n aandenking van die blaas van trompette?

*Lev 23:24 Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle ‘n rusdag wees, ‘n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.*

Uit hierdie seremonie het Yom Teruah se naam ontstaan. Daar is baie simboliek gekoppel met die blaas van hierdie trompette veral met betrekking tot die eindtyd waarin ons leef. Trompette was geblaas vir die aankondiging van Yahweh se feeste, om die mense te roep om te vergader, asook die aankondiging van 'n nuwe Koning. Trompette was ook gebruik om alarm te maak van aanvallende leërs en dreigende oorlogvoering. Die trompet geskal het die Israeliete met vrees gevul omdat hulle geweet het dat oorlogvoering onafwendbaar was. Dit is die waarskuwing van oorlog wat die Fees van Trompette uitsonder van die ander feeste.

*Matt 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?*

*Matt 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.*
*Matt 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.*
*Matt 24:8 Maar al hierdie dinge is ‘n begin van die smarte.*

#### 9.2.2 Die boek van Openbaring sê vir ons iets van die blaas van bonatuurlike trompette kort voor die terugkeer van Yahshua die Messias

Op *8:1 En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank.*
*Op 8:2 En ek het die sewe engele gesien wat voor Elohim staan, en sewe basuine is aan hulle gegee.*

*Op 8:6 En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas.*

Toe die sewende seël wat die boekrol verseël oopgemaak word (*Op 5:1*) het dit sewe engele openbaar met sewe basuine wat sewe agtereenvolgende kolossale gebeure in die wêreld aankondig. Dit sal wees soos fisiese straf van Yahweh om die nasies te waarsku om nie verder te gaan in nasionale en persoonlike sondes nie.

Die laaste drie basuine is die aankondiging van ellende, meer spesifiek, die drie fases van 'n katastrofiese wêreld oorlog. By die laaste basuin, sal die mensdom gered word van uitwissing deur die wederkoms van Yahshua die Messias!

### 9.2.3 Yahshua het beloof dat Hy sy engele sal stuur om sy uitverkorenes te versamel met die geblaas van die laaste groot basuin

*Matt 24:29 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.*
*Matt 24:30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.*
*Matt 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.*

### 9.2.4 Die blaas van die basuin kondig die tyd van die opstanding van die dode in die Messias aan

*1Tess 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van Yahweh, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Messias, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.*
*1Tess 4:16 Want die Messias self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van Elohim; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan.*
*1Tess 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Messias tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Messias wees.*

*1 Kor 15:51 Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,*
*1 Kor 15:52 in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.*

Dit is die sewende en finale basuin, die laaste een van die sewe in Openbaring 8.

Let wel, alle ware gelowiges is op die aarde gedurende hierdie tyd van verdrukking tot en met die sewende basuin. Volgens die Skrif is daar nie 'n wegraping voor die verdrukking nie. Dit is 'n leuen van die Christendom sodat hulle nie hulself voorberei vir hierdie verskriklike tyd wat vir ons voorlê nie.

Die basuin van die sewende trompet is die aankondiging van die wederkoms van Yahshua die Messias. Die eerstelinge van Yahweh se plan sal opgewek en verander word - gebore as onsterflike, geestelike wesens in die familie van Yahweh! Dit is die kleiner geestelike oes van individue in Yahweh se familie. Die eerstelinge sal dan saam met die Messias op die aarde heers (*Op 20:6*) en help maai aan 'n veel groter geestelike oes tydens en na die Millennium.

Die laaste drie feeste is gevul met simboliek en besonderhede van hoe dit vervul sal word.

## 9.3 Dag van Versoening - Yom Kippur

Die Dag van Versoening word soos volg waargeneem:

*Lev 23:27 Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. ‘n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan Yahweh 'n vuuroffer bring.*
*Lev 23:28 En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is ‘n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van Yahweh julle Elohim.*
*Lev 23:29 Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word.*

*Lev 23:30 Ook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié siel sal Ek uitroei onder sy volk uit.*
*Lev 23:31 Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.*
*Lev 23:32 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou.*

**9.3.1 Hoe "verootmoedig" jy jouself op hierdie dag?**

*Jes 58:3 Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie? -Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan.*

*Esra 8:21 Toe het ek daar 'n vastyd uitgeroep aan die rivier Ahawa, om ons te verootmoedig voor die aangesig van onse Elohim ten einde van Hom 'n voorspoedige reis te vra vir ons en ons families en al ons goed.*

Die Dag van Versoening is anders as die ander Mo'edim met betrekking tot wat Yahweh van ons verwag. Dit is die een dag van die jaar wat Yahweh ons beveel om te vas - geen voedsel of water word ingeneem nie (*Eks 34:28; Ester 4:16*). Vir 24 uur, vanaf sononder op die negende dag van die maand tot sononder van die tiende, van aand tot aand (*Lev 23:32*).

'n Mens kan enige tyd van die jaar vas vir geestelike redes met die doel om jouself te verootmoediging om nader te beweeg aan Yahweh en Sy regverdige karakter (*Jes 58:6-11*). Die doel en redes hoekom ons vas op die Dag van Versoening is om ons te herinner aan die toestand van die gees wat verlossing nodig het, van nederigheid, droefheid, ernstig soeke na Yahweh en Sy Torah, want hierdie wêreld stuur af op katastrofiese gebeure wat sal kulmineer in Yahshua Messias se wederkoms!

**9.3.2 Wat beteken die woord versoening ("atonement")?**

Volgens die Webster woordeboek is "atonement" (versoening) "at one, together". Om te verenig. Hierdie dag simboliseer dat Yahweh en die mens verenig word, letterlik die Dag van "At-one-ment". Die woord opoffer beteken om iets af te staan of weg te gee, maar in Hebreeus beteken die woord eintlik "om nader te trek deur verhouding". Die dag van "at-one-ment" is oor hierdie verhouding met Elohim.

Die 16de hoofstuk van Levitikus gee die leser besonderhede oor dit wat Yahweh aan die Levitiese priesterskap gesê het om te doen op die Dag van Versoening. Hierdie rituele openbaar baie oor die vyfde stap in Yahweh se plan om Sy Koninkryk op aarde te herstel en die kennis daarvan aan almal te bring.

**9.3.3 Aäron, die hoëpriester, moes eenmaal 'n jaar 'n spesiale sondoffer maak om te vergoed vir al die sondes van Israel**

*Lev 16:32 En die priester wat gesalf en aangestel sal word om in die plek van sy vader die priesteramp te bedien, moet die versoening doen; en hy moet die linneklere, die heilige klere, aantrek*
*Lev 16:33 en versoening doen vir die Allerheiligste; ook moet hy vir die tent van samekoms en die altaar versoening doen, en vir die priesters en die hele volk van die vergadering moet hy versoening doen.*
*Lev 16:34 En dit moet vir julle 'n ewige insetting wees om vir die kinders van Israel weens al hulle sondes een maal in die jaar versoening te doen. En hy het gedoen soos Yahweh Moses beveel het.*

Maar voordat Aäron die versoening kon doen moes hy eers twee bokke neem en daaroor die lot werp om te bepaal wie elk sou verteenwoordig (*Lev 16:7,8).* Die sondofferbok was 'n sondoffer vir die hele volk (*Lev 16:15,16*). Die sondes van die volk was simbolies op die hoof van die ander bok geplaas wat dan na die woestyn geneem was (*Lev 16:21-22*).

Yahshua die Messias het ons sondes versoen toe Hy die straf van ons sondes (die dood *Rom 6:23*) op Homself geneem het deur Sy sondelose lewe vir ons op te offer. Eintlik verteenwoordig albei bokke die Messias. Die eerste bok wat geoffer was, verteenwoordig die sterwende Messias, die een wat 'n skuldoffer vir elkeen van ons geword het vir ons sondes (*Jes 53:10*).

Die tweede bok verteenwoordig die lewende of opgestane Messias wat die sondes van Sy dissipels op Hom geneem het. Hy leef in elkeen van Sy dissipels wat in Sy naam gedoop word en die Heilige Gees ontvang deur die oplê van hande. Onthou, ons sondes word vergewe deur Yahshua se dood, maar ons word gered deur Sy lewe.

*Rom 5:8 maar Elohim bewys sy liefde tot ons daarin dat Messias vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.*
*Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.*
*Rom 5:10 Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met Elohim versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is.*
*Rom 5:11 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in Elohim deur onse Meester Yahshua die Messias, deur wie ons nou die versoening verkry het.*

Alhoewel Pasga en Yom Kippur baie dieselfde is, is daar een groot kontras. Pasga handel oor vergifnis, maar die Versoendag gaan oor versoening. Jy kan iemand vergewe sonder dat die verhouding versoen / herstel word. Die Dag van Versoening of “at-one-ment” gaan oor die versoening van Yahweh met Sy volk te danke aan die vergifnis van sonde wat deur die offer van Sy Seun Yahshua volbring was.

Die dag toe Yahshua voor Pilatus verhoor was het die mense 'n keuse gehad om een gevangene vry te laat. Dit is ook simbolies van die 2 bokke vir die Dag van Versoening.

*Joh 18:38 Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie.*
*Joh 18:39 Maar julle het ‘n gewoonte dat ek vir julle op die Pasga iemand moet loslaat; wil julle dan hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet loslaat?*
*Joh 18:40 Toe skreeu hulle almal weer en sê: Nie vir Hom nie, maar Barábbas! En Barábbas was ‘n rower.*

In Hebreeus is die letterlike betekenis van Barabbas "seun van die vader". Dit is interessant! Die skare kon Bar-Abbas gekies het, die menslike “seun van die vader”, of Yahshua, die Hemelse Seun van die ware Vader in die Hemel, YaHWeH, maar hulle het Bar-Abbas gekies. Ons is ook almal seuns/kinders van die vader. Ons is elkeen 'n bar'abbas. Net soos met die opstandige moordenaar, het die onskuldige Yahshua ons plek gevat en was gefolter sodat ons kon lewe!

Nog 'n interessante feit is dat Barabbas in hegtenis geneem was vir opstandigheid teenoor die Romeinse regering omdat hy probeer het om 'n aardse koninkryk tot stand te bring, teenoor Yahshua wat in hegtenis geneem was omdat Hy probeer het om' n Hemelse Koninkryk tot stand te bring.

Die parallel is opvallend, daarom net soos die Asásel bok van Levitikus 16, kan ons soos Barabbas slegs waarlik vry wees van ons sonde as die eerste bok as sondoffer (Yahshua die Seun van Yahweh) die straf vir ons sondes betaal.

**9.4 Die Hutte Fees - Sukkot**

Die geordende fees van Yahweh word vyf dae na die Dag van Versoening gevier.

*Lev 23:34 Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir Yahweh.*

**9.4.1 Die tema vir die jaarlikse viering van die Fees van Sukkot**

*Deut 16:14 En jy moet vrolik wees op jou fees, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Leviet en die vreemdeling en die wees en die weduwee wat in jou poorte is.*
*Deut 16:15 Sewe dae lank moet jy vir Yahweh jou Elohim fees hou op die plek wat Yahweh sal uitkies; want Yahweh jou Elohim sal jou seën in al jou inkomste en in al die werk van jou hande; en jy moet net maar vrolik wees.*

Sukkot versinnebeeld die sesde stap in Yahweh se Meester Plan. Dit is 'n tyd van groot vreugde! Vir die Israeliete was dit 'n tyd van vreugde omdat die oorvloedige voedselvoorraad van die winter net voor die fees ingeoes was. In Yahweh se Meester Plan stel Sukkot die Millennium voor 'n tyd van geluk, vreugde en voorspoed wat wêreldwyd sal bestaan onder die regverdige oppergesag van Yahshua die Messias, wanneer almal universeel Yahweh se manier van leef sal gehoorsaam sodat die wêreld van môre 'n letterlike utopia sal wees.

**9.4.2 Die Hutte fees, oftewel Sukkot, was die fees van insameling (*Eks 23:16; 34:22)* omdat dit die viering was van die laat somer / vroeë herfs oes.**

Dit is simbolies van die groot byeenkoms wat sal gebeur met Yahshua se wederkoms. Daar is 'n vroeë en 'n laat reën in Israel wat 'n uitbeelding is van die jaarlikse twee oeste. Die vroeë lente oes is 'n kleiner oes as die groter insameling by die fees van Sukkot. Die eerstelinge verteenwoordig die begin van die oes, die een wat begin met die Pasga offer en die fees van die eerstelinge, soos alreeds bespreek. Die groter oes sal plaasvind met die fees van die insameling na die Messias se wederkoms wanneer daar 'n groot insameling van mense sal plaasvind.

*Jer 31:1 In dié tyd, spreek Yahweh, sal Ek vir al die geslagte van Israel 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.*

Vanuit hierdie teks is dit duidelik dat Yahweh die 12 stamme van Israel bymekaar sal maak (**NIE** net Juda **NIE**) vir die groot eindtyd oes.

*Ese 36:9 Want kyk, Ek kom na julle en wend My na julle toe, en julle sal bewerk en besaai word.*
*Ese 36:10 En Ek sal mense op julle vermenigvuldig, die hele huis van Israel, almal saam; en die stede sal bewoon en die puinhope opgebou word.*
*Ese 36:11 Ja, Ek sal mense en diere op julle vermenigvuldig, en hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees; en Ek sal julle laat bewoon soos in jul voortyd en aan julle weldoen meer as in julle vroeër dae, en julle sal weet dat Ek Yahweh is.*
*Ese 36:12 En Ek sal mense op julle laat loop, my volk Israel; en hulle sal jou in besit neem, en jy sal vir hulle 'n erfenis wees en hulle verder nie meer kinderloos maak nie.*

*Ese 36:23 En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek Yahweh is, spreek Yahweh Adonai, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken.*
*Ese 36:24 En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.*
*Ese 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van*

*al jul drekgode sal Ek julle reinig.*

*Ese 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.*

*Ese 36:27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.*

*Ese 36:28 En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n Elohim wees.*

*Jer 16:14 Daarom, kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat daar nie meer gesê sal word: So waar as Yahweh leef, wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie;*

*Jer 16:15 maar: So waar as Yahweh leef, wat die kinders van Israel laat optrek het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het. Ja, Ek sal hulle terugbring in hulle land wat Ek aan hulle vaders gegee het.*

*Jer 16:16 Kyk, Ek stuur baie vissers, spreek Yahweh, wat hulle sal vang, en daarna sal Ek baie jagters stuur wat hulle sal opjaag, van elke berg en van elke heuwel en uit die klipskeure.*

Jes *11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van Yahweh soos die waters die seebodem oordek.*

*Jes 11:10 En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees.*

*Jes 11:11 En in dié dag sal Yahweh weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see;*

*Jes 11:12 en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.*

*Jes 11:13 Dan sal die naywer van Efraim verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie.*

*Ese 37:19 sê dan vir hulle: So spreek Yahweh Adonai: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.*

*Ese 37:20 So moet dan die houte waar jy op skrywe, in jou hand wees voor hulle oë;*

*Ese 37:21 en sê vir hulle: So spreek die Yahweh Adonai: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.*

*Ese 37:22 En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning al vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.*

*Amos 9:14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.*

*Amos 9:15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê Yahweh jou Elohim.*

Die fees van Sukkot is 'n jaarlikse herdenking aan die vinnig komende Koninkryk van Yahweh op aarde. Daar is broeders en susters wat die Sabbat en feeste waarneem, maar is geneig om te vergeet van die feit dat die fees van Sukkot nie net oor die aardse heerskappy van Yahshua Messias handel nie, maar is ook die tyd wanneer die herstel van die 12 stamme van die nasie van Israel, wat sal terugkeer na hul land vir die duisendjarige heerskappy, sal plaasvind. Dit is waarom die Fees fokus rondom die groter herfs oes. Yahweh is nou besig met Sy eerstelinge, 'n relatief klein groep mense, teenoor die groter oes wat die hele nasie van Israel sal insluit.

*Ese 37:11 Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!*
*Ese 37:12 Daarom, profeteer en sê aan hulle: So spreek Yahweh Adonai: Kyk, Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel.*
*Ese 37:13 En julle sal weet dat Ek Yahweh is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk!*
*Ese 37:14 En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, Yahweh, dit gespreek en gedoen het, spreek Yahweh.*

Dit is vandag nog die werk van Yahweh. Hy het nog nooit opgehou werk met die saad van Abraham, deur Isak en Jakob nie, en Hy wil Hê dat ons as Sy uitverkore dissipels Hom moet help met die herstel van die verbondsverhouding tussen die12 seuns van Israel met Elohim. Die primêre doel van Sukkot is dus om uit te sien na Yahweh se wonderlike Koninkryk!

**9.4.3 Moet Yahweh se mense in tydelike wonings tuis gaan gedurende die Fees?**

*Lev 23:42 Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon,*
*Lev 23:43 sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is Yahweh julle Elohim.*

'n Tent of hut is' n tydelike woning. Yahweh het die Israeliete van ouds beveel om tydelike skuilings van boomtakke (*vers 40*) te maak tydens die waarneming van die Fees van Sukkot. Yahweh se volgelinge wat vandag die Fees van Sukkot bywoon kampeer in 'n tent of karavaan, gaan tuis in 'n hotel, ens wat kwalifiseer as' n tydelike woning.

Tydens die Fees van Sukkot is dit Yahweh se voorneme om Sy gekose volgelinge af te sonder en te bevry van die algemene samelewing en wêreldse dinge. Die doel is om vir 'n week in 'n tydelike woning te bly, weg van jou alledaagse omgewing, beroepswerk en ander negatiewe invloede, sodat dit vir jou 'n klein voorsmakie gee van Yahweh se universele vryheid, vreugde en vrede wat in die Millennium sal bestaan wanneer Satan opgesluit is en die Ruag van Yahweh onder die mense heers (*Joël 2:28,32*).

Jaarliks, tydens Sukkot, is dit die wil van Yahweh dat Sy uitverkorenes uit Satan se sisteem wegkom en hul fokus bepaal op Sy werk en die hervestiging van Israel en Sy komende Koninkryk.

Sukkot is 'n fees wat gevul is met vreugde, maar dit is ook 'n spirituele fees van onderwys en voorbereiding. Daagliks is daar 'n byeenkoms waar volgelinge na Yahweh se aangestelde leiers vir inspirerende boodskappe luister om hul verder voor te berei om saam met Yahshua Messias te heers. Daarby vergader almal saam in 'n gees van liefde en samesyn, om saam te eet en te gesels oor die woord van Yahweh. Die fees verwys na die tyd van vredevolle heerskappy onder Yahshua en sy perfekte regering, waar elkeen sonder selfsug na sy naaste se behoeftes sal kyk, inplaas van ons wêreldse manier van selfpreservering.

**9.4.4 Met Yahshua se wederkoms sal Hy die oorlogvoerende nasies oorwin en dan Yahweh se regering oor die aarde aanstel sodat die nasies na Hom toe kom vir onderrig in Yahweh se Torah**

*Miga 4:1 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van Yahweh vasstaan op die van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.*
*Miga 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohim van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem.*

**9.4.5 Die hele wêreld sal uiteindelik verstaan dat Yahweh 'n Elohim van vrede, geluk, oorvloed en verlossing is**

*Jes 11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van Yahweh soos die waters die seebodem oordek.*

*Jer 31:34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken Yahweh; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek Yahweh; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.*

Sodra Satan, die een wat die chaos gesaai het gebind is, en die regering van Yahweh aan bewind kom, sal die 1000 jare goue era van wêreld vrede en voorspoed begin. Koning Yahshua Yahweh se onderwys program gaan beskik oor 'n nuwe manier van lewe (Sy wet van die liefde) wat fisiese en geestelike seëninge vir die beskawing inhou.

**9.4.6 Wat sal gebeur met daardie nasies wat eers weier om die Fees van Sukkot te hou en nie Yahweh se Torah onderhou nie?**

*Sag 14:16 En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, Yahweh van die leërskare, en om die huttefees te vier.*
*Sag 14:17 En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, Yahweh van die leërskare, te aanbid nie - hulle sal geen reën kry nie.*

Messias sal die mense van die wêreld onderrig deur middel van die jaarlikse feeste. Hulle sal vinnig leer dat Yahweh se Meester Plan die pad na fisiese seëninge en geestelike heil is. Diegene wat hardnekkig weier om die Fees van Sukkot by te woon sal ly as gevolg van droogte en plae totdat hulle hul lewens aan Yahweh toewy. Teen die einde van die 1000 jaar sal die groter Yahweh-familie gereed wees vir die finale stap in die Meester Plan. Selfs 'n groter vreugde en prestasies lê voor na die Millennium!

**9.5 Die Laaste Groot Dag**

Net soos 'n week nie volmaak is sonder die sewende dag Sabbat nie, is Yahweh se Meester Plan nie voltooi sonder die sewende en laaste jaarlikse fees nie. In die Bybel simboliseer die getal “sewe” voltooiing en volmaaktheid. Hierdie sewende Fees van Yahweh onthul die volmaaktheid van Yahweh se groot Meester Plan, want Yahweh se genade en liefde teenoor die mensdom strek verder as die Millennium.

**9.5.1 Die agtste dag van aanbidding onmiddellik na die sewe dae van Sukkot**

*Lev 23:36 Sewe dae lank moet julle aan Yahweh ‘n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle ‘n heilige vierdag wees, en julle moet aan Yahweh ‘n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie.*

*Lev 23:39 Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van Yahweh sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag.*

Die laaste jaarlikse Sabbat of Heilige Dag is onmiddellik na die Fees van Sukkot waargeneem, maar as gevolg van die feit dat dit so naby aan die sewe-dag-fees is, word dit geassosieer met Sukkot en word die "agtste dag"genoem. Onder gelowiges het die dag bekend geword as die Laaste Groot Dag. Dit is duidelik 'n aparte fees en Heilige Dag. Die Laaste Groot Dag versinnebeeld die voltooiing van Yahweh se Meester Plan.

Die getal “agt” in die Bybel simboliseer 'n nuwe begin en is juis wat die agtste dag (Laaste Groot Dag) verteenwoordig. Wanneer die Millennium verby is sal Yahshua die laaste vyand, die dood, uit die weg ruim vir die Wit Troon oordeel waar elke mens te reg sal staan vir dit wat hy of sy in hul leeftyd gedoen het, beide die goeie en slegte sal geoordeel word.

*2 Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Messias verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is ofkwaad.*

Yahshua noem in *Matt 12:41-42* die inwoners wat in Tirus en Sidon gewoon het, die van Sodom, Nineve van Jona se tyd en uiteindelik die Koningin van die Suide as voorbeeld van mense wat geleef het in die verskillende generasies om vir ons 'n aanduiding te gee dat daar 'n oordeelsdag kom vir elke persoon wat al ooit geleef het. Yahshua het genoeg voorbeelde gegee van mense wat in wydverspreide tye geleef het as bewys dat die meeste van die mensdom op dieselfde tyd op hierdie aarde teenwoordig sal wees.

Mans en vrouens van voor die vloed, die 12 stamme van Israel, diegene wat geleef het gedurende die middeleeue en die oorgrote meerderheid wat nou lewe, selfs babas en kinders wat ontydig gesterf het sal dan opgewek word. Hulle sal almal in die tweede opstanding verwek word, want hulle was nie eerstelinge van Yahweh nie en dus nie deel van die eerste of beter opstanding nie. Hierdie mense sal volgens hulle werke geoordeel word.

*Op 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die **eerste opstanding**; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van Elohim en van Messias wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.*

*Op 20:11 En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.*
*Op 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor Elohim sien staan, en die boeke is geopen; en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*

Aangesien die meeste mense gesterf het en diegene wat nog gaan sterf sonder om die ware kennis van Yahweh en Sy Torah te ken, sal Yahweh die maatstaf vir hulle laer maak as vir mense wat die waarheid weet of geweet het en Hom opsetlik ongehoorsaam.

*Luk 12:47 En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word;*
*Luk 12:48 maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal met min slae geslaan word. En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorvloediger eis.*

*Rom 11:32 Want Elohim het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.*

Dit is die mense wat in Romeine 2 as heidene beskryf word wie die Wet onbewustelik onderhou het.

*Rom 2:13 omdat nie die hoorders van die wet by Elohim regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.*
*Rom 2:14 Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself ‘n wet, al het hulle geen wet nie;*
*Rom 2:15 omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig,*
Daar is baie goedhartige mense wie se gedagtegang nog nie deur ons Hemelse Vader geopen is tot

Sy waarheid nie, maar wat van nature kies om nie leuens te vertel, te steel of ontrou te wees nie. Yahweh sal hierdie mense beloon want sonder dat hulle Sy gees in hulle gehad het, het hulle op hul eie verkies om Hom te gehoorsaam sonder dat hulle dit weet. Hulle sal soos volg beloon word.

*Rom 2:16 in die dag wanneer Elohim die verborge dinge van die mense deur Yahshua Messias sal oordeel, volgens my evangelie.*

Dit is die wit troon oordeel en die betekenis van die agtste dag van die fees, die Laaste Groot Dag. Yahweh sal nie bespot word nie. Alle mense sal maai wat hulle saai. Dit is werklik 'n kwessie van lewe en dood. Dit is hoekom dit so belangrik is om daagliks mense tot bekering te roep sodat hulle besef dat dit slegs die bloed van Yahshua, die ewige Seun van Yahweh, wat hul sondes bedek.

Yahweh se groot regerende Familie kan uitsien na 'n nuwe hemel,'n nuwe aarde en nuwe wonderlike geleenthede in die beslissing van die heelal onder Yahweh ons Vader en Yahshua die Messias ons Koning, Hoëpriester en ons ouer broer! En dit is net die begin van die res van die ewigheid. Al die Afgesonderde Dae van Yahweh fokus op die verlossings werk van Yahshua die Messias. Yahshua is die ware fokus van Yahweh se Heilige Dae.

**Kortlikse samevatting:**

1) Al die Heilige Dae wys na Yahshua se verlossingswerk as die Messias.

2) Die Heilige Dae moet ewig bewaar word en is 'n jaarlikse herdenking van Yahweh se verlossingswerk deur sy ewige Seun Yahshua.

3) Die Heilige Dae vertel die storie van die plan van verlossing.

4) Die Heilige Dae is Sabbatte daarom betoon ons eerbied deur nie te werk nie en saam te vergader.

5) 'n Deel van die bevel van die drie Pelgrims feeste was om voor Yahweh in Jerusalem te verskyn. In ruil ontvang die pelgrims seën vir gehoorsaamheid of vloek vir ongehoorsaamheid deur nie na Jerusalem te gaan nie.

6) Dit is 'n groot eer om toegelaat te word om Yahweh te verteenwoordig by Sy fees in Jerusalem.